KERSFEES OP VRYDAG 25 DESEMBER 2009

Kersfees hierdie jaar val op 'n Vrydag en daar sal gevolglik net twee dienste wees op Vrydag 25 Desember 2009. Ons hou een gesamentlike diens by Christ Church Jebel Ali om 08:00 en dit word in die hoofsaal onder gehou. Soos by ons vorige Kersdae word daar 'n spesiale dankoffer opgeneem **vir barmhartigheid en sending**. **Verlede jaar het ons 'n dankoffer van AED 50 000 op die Kersdag opgeneem en net so na SA gestuur vir barmhartigheid. Ons wil die gelde aanwend vir Kinder- en bejaardesorg.** Met die ekonomie wat so erg verswak het, het die nood veral onder arm mense net hoër geword. Kom ons maak ons hande oop hierdie Kersfees om vir mense in hulle nood te kan help.

Die ander kersdiens op Vrydag 25 Desember is 'n diens om 08:00 in Sharjah vir die Engelstalige gemeente.

KAMPARBEIDERS KERSPAKKIE PROJEK: Soos met elke jaar die afgelope 3 jaar is ons gemeente betrokke by die kerspakkie projek vir kamparbeiders. By die deure is 'n inligting blaadjie van wat hierdie projek alles behels. Let op dat vandag 18 Desember 2008 die keerdatum is vir die pakkies om ingehandig te word.

40 DAE VAN LIEFDE begin 15 Januarie. Dit is die opvolg op die 40 Dae van Gemeenskap van Rick Warren. Ons bid dat hierdie projek mense meer van Jesus sal leer en dat mense God in Sy liefde sal ervaar. Ons bid ook vir die volgende sake: die voorbereiding met die boekbestellings, die bemarking, die persone wat as gashere/vrouens sal optree en die inskakeling van die hele gemeente vir die 40 Dae.

NUWEJAAR OP VRYDAG 1 JANUARIE 2010

Ons het normale eredienste op Vrydag 1 Januarie 2010. Daar sal nie 'n oujaarsdiens wees nie maar wel die gewone eredienste by elke bedieningspunt.

Meer en meer soos Jesus
Afrikaanse Gemeente

Kerkraad se wense

Namens die kerkraad van ons gemeente is dit vir my 'n voorreg om vir elkeen, deel van en in in ons geloofsgemeenskap, 'n geseënde Kersfees en voorspoedige 2010 toe te bid. Ek bid veral dat jy in hierdie tyd, hier in die hartjie van die 10/40 venster, God se nabyheid, Sy versorging, Sy liefde en Sy padaanwysing vir 2010 duidelik sal beleef.

Mag die Here jou in 2010 iets laat beleef dat Christus alles is en dat jy meer en meer soos Jesus sal word in karakter en in krag. Die karkater en die krag van die liefde

AFRIKAANSE GEMEENTE UAE

Ds Gert Els 050 836 8392
gert@dubaigemeente.com
www.dubaigemeente.com
admin@dubaigemeente.com

AFRIKAANSE GEMEENTE UAE

KERSDIENSte op

25 Desember 2009

Afrikaanse diens

08:00 Jebel Ali

Engelse diens

Jesus se geboorte volgens Lukas Evangelie deel 2

Afrikaanse Gemeente UAE

Kerssangdiens 18 Desember 2009

Jesus se geboorte

Lof en anbidding:

Liedere: Lofsing die Heer.

In die stad van koning Dawid.

Gebed en seëngroet

Skriflesing: Luk 1:1-4 1:26-37 Luk 2:1-7

Jeus se geboorte verhaal volgens Lukas

Luk 1:1 Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om ’n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. 2 Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. 3 Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. 4 So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.

Luk 1:26 In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na ’n maagd in Nasaret, ’n dorp in Galilea. 27 Sy was verloof aan Josef, ’n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. 28 Toe die engel by haar kom sê hy: “Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.” 29 Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon teken. 30 Die engel sê toe vir haar: “Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. 31 Jy sal swanger word en ’n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. 32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, 33 en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.”

34 Maar Maria sê vir die engel: “Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met ’n man gehad het nie?” 35 Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. 36 Kyk, ’n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook ’n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand. 37 Niks is vir God onmoontlik nie.” 38 Maria sê toe: “Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.” Toe het die engel van haar af weggegaan.

Luk 2:1 In daardie tyd het keiser Augustus ’n bevel uitgevaardig dat ’n volkstelling in die hele ryk gehou moet word. 2 Hierdie eerste volkstelling het plaasgevind toe Sirenius goewerneur was in die provinsie Sirië. 3 Almal het gegaan om hulle te laat inskryf, elkeen na sy eie stad toe. 4 Ook Josef het gegaan. Hy het van die dorp Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan, na Betlehem, die stad van Dawid, omdat hy tot die huis en geslag van Dawid behoort het. 5 Maria, sy verloofde, wat swanger was, het saamgegaan om ingeskryf te word. 6 Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. 7 Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in ’n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

Heb 4:15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. 16 Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.

Heb 7:**26** Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; Heb 7:**27** wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het.

Gemeentesang (SITTEND): Met Middernag

Deel 1 Jesus se geboorte:

Beloftes in vervulling

Jes 7:14 Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem.

Miga 5:2 En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.

Gemeentesang (Sittend): O Christus Ons Verlange

Deel 2 Jesus se geboorte:

Histories geanker

Gemeentesang (Sittend): O Die Goeie Tyding

Deel 3 Jesus se geboorte:

Teologies verduidelik

Gemeentesang (Sittend): Maria nooi van Nasaret

Deel 4 Jesus se geboorte:

Biografies toegepas

Gemeentesang (Sittend): God van Israel

Deel 5 Jesus se geboorte:

Doksologies geleef

Gemeentesang (Staande): Doksologie

O Come all ye faithful

Herders op die ope velde

O Come let us adore Him

Afsluiting: Stille Nag